## AFKONDIGINGS 9 AUGUSTUS 2026

1. Vandag is Nasionale Vrouedag en Sr Marion Rhode van die Metodiste Kerk Kuilsrivier is vanoggend se prediker.
2. ‘n Kollekte vir die Jan Theyse-beursfonds word vanoggend opgeneem.
3. Môre is ‘n publieke vakansiedag.
4. Die Volwasse katkisasieklasse vind elke Donderdagaand om 18:00 (6nm) plaas.
5. Op Woensdag 12 Augustus om 11:00 hou die Leeshoekiegroep ‘n boek-bespreking in die Adonia Lotteringsaal. Liesel Davids sal haar oorlede man, Johnny Davids, se boek, “Boytjie”, bespreek. Almal is welkom.
6. Die CYM hou op Vrydag, 14 Augustus 2026, 'n boereworsrol- en koeldrankverkope teen R50. Kaartjies is beskikbaar by CYM-lede. Vir verdere navrae of plaas van bestellings kontak vir Sr Terri Jasper by 066 211 6575 of T/k Jean Syster by 074 973 3406. Die gemeente se ondersteuning word opreg waardeer.
7. Verslae vir die Kerkraadsvergadering moet asb die Skriba teen Vrydag 14 Augustus, elektronies bereik.
8. Br Peter Fredericks (072 2400 578) versoek graag dat alle oud-brigadelede, so gou moontlik met hom moet kontak maak, tot en met Woensdag 26 Augustus, vir ‘n bydrae tot die feesboekie.
9. Die koor hou 'n sangmiddag op Sondag 30 Augustus 2026 om 16h00 as deel van die feesjaarvieringe. Gaskunstenaars sluit in Treble Clefs (voormalige wenner van die Suidoosterfees-gemeenskapskoor en Solo Gracia Choristers (huidige wenner van die Suidoosterfees-gemeenskapskoor). Toegang is gratis! 'n Sagte kollekte sal by hierdie geleentheid opgeneem word. Die gemeente word hartlik uitgenooi om hierdie fees van sang te kom geniet!
10. Geleenthede vir items tydens eredienste - die volgende datums is beskikbaar: 6 & 20 September; 4 & 18 Oktober. Kontak gerus die kerkkantoor indien u 'n item wil lewer.
11. **NB!!! <u>VERANDERINGE OP KALENDER</u>**:
    <u>16 Augustus</u>: Barmhartigheidsondag;
    Kollekte: Barmhartigheid
    Heilige Doop verskuif na 13 September
    <u>23 Augustus:</u> Heilige Nagmaal (sou 30 Augustus wees, is vervroeg)
    <u>30 Augustus:</u> Koor-Sondag
12. Die Barmhartigheidskommissie doen graag ‘n beroep op lidmate vir die skenking van nie-bederfbare produkte, wat aan behoeftige gemeentelede/ families geskenk sal word. Items kan Sondagoggende in die blou houers geplaas word, wat in die voorportaal sal wees. U is ook welkom om skenkings gedurende die week na die Kerkkantoor te bring. Ons dank u by voorbaat vir u bydrae.

**<u>13. Siekes</u>**

13.1 Sr Samuels (Wyk 15) is steeds in Brackengate Rehab.
13.2 Sr Vernorene Africa (Wyk 5) is in die Panorama hospitaal.
13.3 Voorbidding vir almal van wie ons nie kennis dra nie.

******************************

**<u>GEMEENTE-WEBWERF:</u>**

www.urcbellville.co.za

urcb.newsletter@outlook.com

#Nuut op die webwerf

- Afkondigings 9 Augustus 2026 (onder "Notices")
- Die Nuusbrief: Uitgawe 2, Junie 2026 (onder "Newsletter")
- Leeshoekie - boekbespreking (onder "Events")
- Kalender 2026 veranderinge (onder "Notices": "Spesiale afkondigings")